# Fisioterapie 100 (FTP 100)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 4 praktiese sessies per week, Gemeenskapsbetrokkenheid, 3 lesings per week, 1 webgebaseerde periode per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Fisioterapie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Algemene inleiding en oriëntering tot fisioterapie, PBL-vaardighede en bewysgebaseerde benadering tot fisioterapie. Inleiding tot biomeganika, terminologie, passiewe bewegings, meting van omvang van beweging, kliniese besoeke en pasiënthantering. Kinetika: asse, vlakke, hefbome, effek van swaartekrag op die menslike liggaam. Toegepaste elektrobiomeganika: Inleiding tot straling, hoëfrekwensie, ultraklank, kortgolf-diatermie, laser, ultraviolet, infrarooi straling. Inleiding tot manuele terapie: algemene inleiding tot massering, evaluering van sagte-weefsel, tipes massering, effekte en gebruike, modaliteite, toepassing op menslike liggaam. Menslikebewegingswetenskap: inleiding tot biomeganika, studie van menslike beweging, funksionele evaluering, spiertoetsing, tipes spierwerk, kinematika: analise van beweging, motoriese beheer en postuur, eienskappe van normale beweging. Toegepaste elektrobiomeganika, Inleiding tot mediumfrekwensiestrome, Russiese strome. Pulmonologie. Let wel: Fisioterapie word op ‘n probleemgebaseerde en geïntegreerde wyse aangebied.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.